



**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**  
**Reeks H: Inougrele Rede nr. 71**

**TAAL EN TAALWETENSKAP:**  
**RAAISEL EN 'N SPIEËL**  
**D.P. Wissing**

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as hoogleraar in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op Vrydag 11 Mei 1979.

**Potchefstroom**  
**1980**

# TAAL, EN TAALWETENSKAP: RAAISEL EN 'N SPIEËL

U sal u seker almal kan voorstel wat die woord *intreeredeponarie* beteken. Hierdie woord is ook vanaand op my van toepassing — ek moet 'n rede lewer voor vakgenote, voor nie-taalwetenskaplike kollegas, voor professor Van Riessen as taalfilosof, voor vriende en familie. Tog is ek in dié gelukkige posisie dat ek onder andere mag praat oor iets wat u almal volledig ken en beheers: taal, of dit nou Afrikaans is of Nederlands.

Die woorde van I Kor. 13 vers 12: „Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel...”, is maklik in die titel van hierdie rede herkenbaar: *Taal en taalwetenskap: raaisel en 'n spieël*. As ons in gedagte hou dat die Paulusspieël 'n stuk gepoleerde koper was, waarin die beeld vaag is, sal ons die res van die verhaal ook beter kan plaas. In aansluiting by hierdie vers wil ek probeer om iets meer oor die raaiselagtigheid van taal te sê en oor die taalwetenskap as spieël waarin ons die raaisel kan sien. Dat taal self soms spieël is, sal ook vlugtige aandag kry. Ten slotte wil ek dit ook waag om enkele opmerkings oor die taak van die Christelike taalwetenskap en taalwetenskaplike te maak. Hierin wil ek 'n spesiale betekenis aan die woord *spieël* gee: 'n afspieëler, weerspieëler, afbeelder van die Wet van God soos dit in taal tot openbaring kom.

Die mees basiese taak van die wetenskaplike is seker om insig in problematiese toedragte van sake te verkry. Wetenskaplike uitsprake moet dus by wyse van die titel van hierdie rede spieëls, of dan afspieëlinge, vir raaisels wees; dit moet insiggewende bewerings oor die raaiselagtighede rondom ons maak; dit moet gate in ons kennis opvul; dit moet die verstrooide stukkie van die werklikheidslegkaart weer bymekaar bring — en dit geld ook die taalwetenskap.

Vir die taalwetenskaplike is daar twee basiese raaisels:

1. Hoe sit sy *taalvermoë* in mekaar? Populêr gestel: waarmee is hy gebore wat hom in staat stel om hom binne enkele van sy eerste jare 'n willekeurige taal te laat verwerf? As ons later aantoon hoe oneindig ingewikkeld taal is, sal begryp word waarom ons dit 'n raaisel noem.
2. Hoe sit sy *taalbeheersing* in mekaar? Populêr gestel: Wat weet die Afrikaanssprekende, byvoorbeeld, van Afrikaans sodat hy dit vlot kan praat?

Die oplossing van die eerste raaisel word 'n universele grammatika, 'n algemene taalteorie genoem; dié van die tweede raaisel 'n grammatika van taal X. Ons kan dit dus weer-spieëlings noem van die twee raaisels, al is dit nou onvolmaakte afbeeldinge.

Die taalwetenskaplike het dus twee objekte, en albei is in wese ónwaar-neembare geestesbesittinge.

Meer spesifiek hou die taalvermoëraaisel vroe soos die volgende in:

- Watter eienskappe het alle tale met mekaar gemeen?
- Dus: wat maak van 'n besondere taal nou juis taa!?
- En dus: wat is die algemene struktuur van taal?

Die beantwoording hiervan, onder andere, is die Algemene Taalwetenskap se taak.

Meer spesifiek hou die taalbeheersingraaisel vrae soos die volgende in:

- Wat is die klank-, die morfeem- en sinstruktuur van Afrikaans?
- Wat is die klankreëls van Afrikaans, byvoorbeeld: Hou die klankstruktuur van Afrikaans enige verband met sy morfeemreëls, soos die meervouds- en die verkleiningsreëls van hierdie taal?

Die noue wisselwerking wat daar tussen die ATW (Algemene Taalwetenskap) en die BTW's (besondere taalwetenskappe, soos dié van Afrikaans, byvoorbeeld) is of moet wees, moet, helaas, nou onaangeraak agtergelaat word.

Ek wil egter op hierdie tydstip terloops op die volgende wys:

Omdat die ATW 'n taalvermoëspieël is maar 'n vak soos Afrikaans (Nederlands) of Frans of Eskimo 'n taalbeheersingspieël is of moet wees, kan die ATW geen onderdeel van Afrikaans-Nederlands of enige ander besondere taalvak wees nie — anders as wat sommige van selfs my ingeligte kollegas vandag nog meen. En daarom is ek net so min lid van die Departement Afrikaans-Nederlands as wat ek dit is van Frans of Zoeloe; net so min of soveel is ek ook uit hoofde van my algemeen-taalwetenskaplike-wees veronderstel om goed te kan skryf of spel as wat 'n wiskundige goed hoef te kan hoofrekene doen of 'n kriminoloog goed te kan boewe vang! Dit is die klanke, nie die letters nie, waarin ons belang stel. Ek is dus ook geen *letter*-kundige nie!

Ek wil terugkeer tot die vroeëre vermelding van die onwaarneembaarheid van die taalwetenskaplike objekte. Uit wat wel waarneembaar is — die sistematiese gebruik van klanke —, is dit af te lei dat taalgebruikers uiters ingewikkelde en fyn-gevoelige reëls moet toepas: hulle praat reëlmatig. Hierdie reëls self is egter nie regstreeks waarneembaar nie. En dit is hulle wat die grammatikus probeer agterhaal, probeer ont-dek. Ek wil dit aan 'n eenvoudige voorbeeld illustreer. Ons sê soms 'n [ε] en soms 'n [æ], terwyl ons dink ons sê altyd dieselfde klank. Vergelyk byvoorbeeld die woorde *met, pen, mes, pet, berg, bel, ver, hek*. Daar is 'n fyn reëlmaat hierin: voor die velere [-son]-konsonante en die [-nas, + son]-konsonante sê ons [æ], veral voor *r*, anders sê ons [ε]. Kyk maar na *sê x segging, lê x legkaart, werk, ver, ster*, ensovoorts. Nou is sulke taalreëls só gevoelig dat dit slegs op voorwaarde werk dat die woord 'n ingeburgerde, 'n eie-gemaakte woord moet wees, anders werk dit nie. Op boekewoorde, varserig geleende woorde werk hulle nie. Die genoemde reëls „diskrimineer” teen woorde soos *konteks, projek, seks* en andere. Dáárop werk hulle nie. En sulke feite is nie ooglopend nie — dit moet ont-dek word.

Daar is 'n wydverspreide Afrikaanse klankverskynsel waarin 'n *d* 'n *r* word. Vergelyk *padda* (*parra*) en *middag* (*marag*), maar ook die volgende voorbeelde, wat ek uit die mond van ons Dekaan, professor Smit, opgeteken het [lar̥:sbət] „laat ons bid” (waar die *t* eers 'n *d* geword het en toe 'n *r*); [soeyrafrika:se] „Suid-Afrikaanse”, en [xarət] „hoe gaan dit”! Ons predikant, dr. C.J. Malan, wissel vorme soos „tweede”, „sodat” en „totdat” reëlmatig af met respektiewelik, [tʁat], [so:rat] en [twe:rə]. Hoogs onwaarskynlik is albei ewe onbewus daarvan dat dit gebeur. Nou: By my eie kinders hoor ek onder andere [...kɛ rihəntm ɛ ribalxəxo:i]. „Ek het die hond met die bal gegooi”. Wiegard, die buurseuntjie, sê hy's 'n [kuru] „koedoe”. Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word. Die noemenswaardige van sommige hiervan is dat 'n [ɛ] in die gesogte posisie, naamlik voor hierdie uit *d* ontwikkelde *r* te staan kom, sodat dit streng gesproke 'n [æ] moet word. Die interessante is egter dat dit nie gebeur nie: dié /ɛ→[æ]-reël is kieskeurig; dit werk nie op tweedehandse *r*'s nie!! Anders moes die [mɛri] en [kɛri] hierbo [mæri] en [kæri] geword het.

Dit wat betref die onwaarneembaarheid van die taalvermoë.

Dit is nie nodig om te illustreer dat die objek van die algemene taalwetenskaplike, naamlik die taalvermoë, dit waarmee babatjies gebore word, onwaarneembaar is nie. (Hierdie kennis word via 'n omweg gevind: deur die universele eienskappe van alle tale van die wêreld te ont-dek (op sigself natuurlik 'n mondvul) kan veronderstellings gemaak word oor wat alle mense by hul geboorte van taal „weet”.)

Daar was egter 'n tyd in die taalwetenskaplike geskiedenis toe die motto „*sien is glo*” gegeld het, toe die Amerikaanse strukturaliste onder invloed van die behaviorisme slegs die waarneembare as objek erken het. Taal het geen inherente struktuur nie; die struktuur wat dit hét, is dié wat die taalwetenskaplike daarin kan sien of inlê — sê hulle. Dis net 'n handige samevatting van taalfakte.

Die erkenning moet aan prof. F.J. Labuschagne, en met hom saam prof. H. Venter, gaan dat hulle — ek wil sê ómdat hulle aan hierdie Universiteit verbonde was — nie hiermee saamgegaan het nie maar suiwer koers gehou het. Hulle het bly insien dat die waarneembare maar die spreekwoordelike punt van die ysberg is en dat na die onwaarneembare daarónder gesoek moet word. Dat hulle op 'n ander manier gesoek het as die wyse wat ek hier aan u wil voorhou, is 'n ander saak.

In die beantwoording van die vrae aangaande die taalvermoë en taalbeheersing van die mens glo ons ook anders as die suiwer strukturalis. Taal is deel van Gods wonderbare skepping, en dit is die taalwetenskaplike se taak om soveel moontlik agter hierdie raaisel van die taalvermoë en die taalbeheersing te kom: ons moet so presies moontlik die bedoeling van God (die Wet van God) óók in die raaiselagtige taalgawe wat die mens besit, nié danksy homself nie maar ek wil sê óndanks homself peil en

daarvan 'n weerspieëling in ons taalbeskrywing, ons grammatika, gee. Dit beteken 'n spieël van alle taalkennis van die mens.

— met betrekking tot sy taalvermoë: van alle kennis van taal waarmee hy gebore word;

— met betrekking tot sy taalbeheersing: byvoorbeeld elke distinktiwe kenmerk wat hy besit; elke onderliggende weergawe of reël wat hy „ken”; elke verband wat hy, al is dit dan onbewus, tussen oënskyklik verbandlose taalvorme of -reëls lê; elke klank- of ander reël wat hy „ken” wat hom in staat stel om byvoorbeeld Afrikaans te kan praat. Selfs die feit dat hy van sommige reëls „weet”: hulle werk nie in bepaalde omstandighede nie. Later wil ek graag probeer aantoon hóé 'n taalbeheersingsbeskrywing gegee kan word sodat menslikerwys gesroke daarvan gesê kan word dat dit die bedoeling van God weerspieël, natúúrlik ten dele, natúúrlik onvolkome.

Ook wetenskapsmetodologies kan aangedui word dat 'n wetenskap soos die ATW in wese tevrede sal moet wees met inkonklusiewe — dit is ten dele — antwoorde, waarop ongelukkig nie nou ingegaan kan word nie.

Ek het aan die begin gesê die taalwetenskap is die spieël waardeur ons in die raaisel kan sien. Maar onder spesiale omstandighede is taal self spieël, waarvan die taatgebruiker grootliks ook onbewus is. Hiervan wil ek nou 'n aantal voorbeelde gee. Ek sal my „bronn”, soos elders, vermeld, waarmee ek wil sê dat dit nie uitgedinkte, studeerkamervoorbeelde van hipotetiese gevalle is nie maar onder en in ons almal lééf.

1. Ons weet almal as ons hoor [ek] *gaan môre [si:] toe* dat 'n non-Transvaler aan die woord is. Dis dialektiese gebruik, origins skaars in Suid-Afrika. In Europa kan mens op grond van uitspraak dikwels sê van watter deel van 'n stad iemand kom. Taalgebruik is hier spieël van herkoms.
2. Dit lyk my veral vroue spreek hierdie Bolands [ek], wat Transvaals [æk] is, as [ak] uit. Vroue is dikwels op die voorpunt van taalveranderinge. Miskien sê ons oor vyftig jaar of so almal *ak*, en dan is [æk] net so vreemd soos *ik* vandag vir ons is. Dat vroue anders as manne praat, kan in hierdie geval en ander gevalle dalk 'n manifestasie, weerspieëling wees van hulle eie-identiteit-soek-drang. Maar ek gebruik die voorbeeld eerder terloops om 'n moontlike taalverandering te signaleer.
3. Zoeloevroue, onder andere, mag nie woorde gebruik wat na hulle man en sy familie se name of gedeeltes daarvan klink nie. Dit geld ook manne teenoor bepaalde ander verwante. In Afrikaans „vertaal” beteken dit dat my vrou nie mag sê sy is *gedaan* nie omdat my naam Daan is, of die vrou van *Hendrik* mag nie na 'n „wyfhoender” as 'n *hen* verwys nie! So het Sjaka, sê hulle, toe hy by die huidige Amanzimtoti kom, dit Plesierige Water wou noem, wat Amanzim*nandi* is, maar sy moeder se naam was *Nandi*, dus noem hy dit toe maar Amanzimtoti,

wat Soet Water beteken. Hierdie ukuhlonipha, soos die verskynsel bekend staan, is dus spieëlbeeld of uitdrukking van onderlinge eerbied in 'n samelewingsstelsel soos dié van die Zoeloes.

4. Die Wes-Afrikaanse Yoroba noem die *voet* van 'n berg sy *sitvlak*. Hulle sien die berg dus anders as ons, as 'n *sittende* wese, omdat hulle self so graag op hulle sitvlakke verkeer, wat weerspieëlend is van hulle luiheid, word soms beweer.
5. Maar sal ons saamstem met die bewering dat ons as Afrikaners van ons klanke ontrond, dus *mier* sê en nie *muur* nie, *jiffrou* en dus nie *juffrou* nie, ensovoorts, omdat ons te lui is om ons monde behoortlik oop te maak? Ontronding is dus ook 'n weerspieëling van luiheid!
6. Ons predikant, dr. C.J. Malan, bid [ɔns] maar gesels [ɔ:s], ek wil beweer totaal onbewus. Dit kan ook 'n spieël wees van iets: taalreëls werk nie altyd in alle situasies nie. In die mees formeelste situasie moontlik, 'n gebed, sal 'n taalreël soos nasalering minder of glad nie werk nie. Hierdie tipe verskynsel is 'n pragtige spieël van eerstens hoe mens 'n situasie takseer: as héél erg formeel, as styf, as normaal, as gemoedelik, as stuitig ensovoorts. Taalgebruik varieer sistematies na gelang die situasie verander en na gelang dié, sê maar, bevolkingslaag waaruit hy afkomstig is. Die duidelikste voorbeeld van eersgenoemde geval is die wyse waarop sommige grootmense met kinders praat: kort woorde, baie verkleiningsvorme, eenvoudige sinne. Terloops: op dié wyse verarm jy eintlik die kind, weerhou jy die nodige stimulerende vir taalontwikkeling van hom.

Dit is opmerklik dat mense van laer stand dikwels dié bokant hulle nástreef, en daardie strewe slaan in sy taalgebruik uit. Dikwels kom dit só duidelik daarin na vore dat hulle méér soos dié bo hulle praat as diégene self: dan praat ons van hiperkorreksie — hulle praat korrekter as korrek!

Dat dr. Malan middig [mɛdɛx] sê in plaas van [mɛdax] *middag* en *Sondig* in plaas van *Sondag* is waarskynlik aan 'n ander soort hiperkorreksie toe te skryf. Ek noem dit hier ook nog in aansluiting by die feit dat taalgebruik 'n spieël kan wees. Ek vermoed sterk hy hou nie van die andersins baie algemene verskynsel in Afrikaans dat 'n [ə] 'n *a* word nie, vergelyk „koddig, twintig, baie, vinnig”. Daarom sal hy sulke woorde keurig met 'n *e* uitspreek. Maar nou, kan ek maar sê, oordryf hy bietjie deur „on-skuldige” a's óók e's te maak. Vandaar die hiperkorrekte *middig*.

Ek vermeld vervolgens vlugtig 'n aantal voorbeelde ter ondersteuning van die bewering dat taalvernuwing sistematies onbewus voorkom. Ek sal hiervoor geen spieëlbeeld probeer voorhou nie, maar sulke verskynsels werp dikwels lig op dit waarvan dit afwyk.

Ek het dit aan verskeie persone, onder andere aan familieleden en aan my buurman Van Vuuren, wat hierin uitblink, getoets dat mense nie beseft dat hulle spraak afwyk van byvoorbeeld dit wat hulle sou skryf nie, dat hulle

dus onbewus is van 'n soort eggoverskynsel soos die volgende in hulle taalgebruik:

Pieter Meyer: *Hulle kan onmoontlik kan hulle nie koud kry nie.*

Gerhard Viviers: *Hy word deur Edrich Krantz word hy in die grond gery.*

SAUK-onderhoud: *En hulle meng nou hierdie vertoonstoeie meng hulle met amateurstoci.*

Swaer Chris Maritz: *Myne het hier het hulle losgetrek.*

Professor T.T. Cloete munt uit in die volgende nuwe tipe sin. Ek gee eers van hom 'n opgetekende voorbeeld: „Daar staan dat daar het die bul gaan sterf”. Studente sê dikwels: „Ek weet nie of is hy siek nie”. Selfs in die skrif kom dit al voor: „Sodat hulle dit self kan op die proef stel”. „(student)... Ek is bevrees dat John Tate is heng bang!” (Dagblad). Hier is terloops behalwe dat dit erg Engels lyk, sprake van vereenvoudiging, waarop ek, helaas, nie nou kan ingaan nie. Mens hoor hierdie tipe gebruik daagliks uit die mond van omtrent almal wat kan praat.

Ek wil dan ten slotte waag om vir u 'n spieël voor te hou, al is dit 'n spieël van gepoleerde koper, waarin u tog miskien meer as die buitelyne van die raaiselagtige werking en struktuur van taal, in die geval Afrikaans, sou kon sien. En ek wil dit meer in die besonder doen deur aan u te wys hóé sulke raaisels opgelos kan word.

Dié raaisel wat ek wil voorhou, is die volgende: mense, selfs klein kindertjies, vorm woorde se meervoude en verkleiningsvorme, selfs nuwe woorde s'n, outomaties, sonder nadenke, korrek. Hulle doen dit kennelik op grond van reëls wat hulle „ken”. Die raaisels is dus: presies hóé ken die taalgebruiker dié reëls; hoe lyk hulle; waaruit is hulle opgebou? Lê die taalgebruiker verbande tussen reëls en, indien wel, watter, en presies hoe doen hy dit?

Die feit dat die strukturaliste sien-is-glo-oogklappe opgehad het, dat hulle instrumentalisties was, het hulle grootliks verhinder om sulke vrae aanvaarbaar te kon beantwoord. Bowendien het hulle hulle reëls in terme van foneme as ondeelbare gehele geformuleer, kón hulle nie die generalisasies maak (verbande lê) wat moes nie.

Dit kon wel deur die ingebruikneming van die distinktiewe kenmerke 'n hipotetiese konstruksie wat geen sienbare of objektief aantoonbare korrelaat het nie maar waarvan die bestaan veronderstel moes word. Hierdie veronderstelling bring egter pragtige insigte. Ek sal kortliks probeer demonstreer hoe ons sulke onsienlike objekte se bestaan kan regverdig. Informeel gesê is die groot veralgemening dit dat die meervoud van woorde eindigend op klanke wat almal [-son] is (dus [p t k ]), altyd [ə] is, onafhanklik van wáár die klemtoon val: agter in die woord of nie, maar dat dit presies dié woorde is wat op [+son]-konsonante eindig (dus [ m n ŋ l r ]) wat vir die posisie van die klemtoon gevoelig is. Voorbeelde: *ólifante*, *luitenánte*, maar *áppels x appélle*; *kánons x kanónne*, *piérings x seringe*, ensovoorts.

Insiggewend is dit dat dit woorde eindigend op presies dieselfde vyf [+son]-konsonante is wat gevoelig is vir waar die klemtoon by die van die verkleiningsvorm val, en dat dit wéér nié die geval is by die [-son]-konsonanteindigende woorde nie.

Dit verbaas mens dan nie as jy nog meerdere verskynsels teëkom waarin [+son]-konsonante 'n ander gedrag as [-son]-konsonante openbaar nie. Vergelyk maar die [ə]-invoegingsreël in Afrikaans. Daar bestaan dus wel onafhanklike getuienis daarvoor dat ons in die geval van [+son]-teenoor [-son]-klanke te doen het met 'n familie klanke, 'n natuurlike klas klanke, dat [m n n l r] meer met mekaar te make het as met [p t k] ensovoorts, nie net ten osigte van hulle fonetiese eienskappe nie maar veral ook ten osigte van hulle fonologiese eienskappe. Die getuienis waarna ek verwys het, is *interne* getuienis, bewyse uit die taalegewens sêlf. Ons sê hiermee ook dat die mens die klanke [m n n l r] as 'n familie klanke „ken”, „ervaar”, daarom gebruik hulle dit ook so. Hiermee het ons dan 'n verband tussen oënskyklik onverbandelike klanke aangedui.

As ons bevinding ook nog op grond van eksterne getuienis kon verstrekk, sou dit mooi wees. Soos die term sê, kom hierdie soort getuienis nie uit die taalsisteem self nie maar van buite die taalsisteem self: sulke getuienis is byvoorbeeld dié uit taalveranderinge, kindertaal, taalspeletjies soos die sogenaamde Pig Latin, versprekinge of tongglipse en neurolinguistiese of dan neuropsigologiese getuies. Ek sou u lank met beroemde en berugte voorbeelde van byvoorbeeld tongglipse kon besig hou, maar ter wille van die tyd sal ek hier met die volgende volstaan:

My vrou, Marié, het aan die Vrije Universiteit 'n neuropsigologiese studie op 'n groot aantal proefpersone uitgevoer. Sy het met behulp van stereofoniese oorfone aan hulle telkens pare woorde tegelyk op albei ore gegee — hulle hoor dus byvoorbeeld die woord *man* op die linkeroor op presies dieselfde tydstep as wat hulle, sê, die woord *vrou* op die regteroor hoor. Hulle word op dié wyse 'n groot aantal pare woorde paar na paar gegee waarna hulle moes luister en rapporteer wat hulle geho or het. Omdat hier 'n kompetisiesituasie tussen die ore ontstaan, is dit te begrype dat hulle soms 'n woord verkeerd sou rapporteer. Hulle sal byvoorbeeld in plaas van *bas pas* hoor. Hierdie verwarringe of plaasvervangings vind egter nie willekeurig of onsistematies plaas nie. Om die waarheid te sê werp dit baie lig op die presiese klanksisteem van die taal. En dit lewer uit 'n heel onverwagte hoek presies daardie eksterne getuienis ten gunste van die aanname van 'n konstruk distinktiewe kenmerk, wat ook reeds as gevolg van interne getuienis ondersteun is. Ek noem net enkeles daarvan vlugtig:

Dit is juis die [+son]-konsonante wat reëlmatig met mekaar verwar word; en dit is juis die [-son]-konsonante wat onderling reëlmatig verwar raak. Stemhebbende [-son]-klanke sal met stemloses vervang word, maar nie andersom nie — anders as wat tot dusver geglo is. Behalwe dat dit



op die natuurlikheid van klasse klanke dui, dui dit boonop ook op 'n hiërargie tussen kenmerke onderling, en, waarin ons op die oomblik belang stel, haas onmiskenbaar op die bestaan van kenmerke soos [ +son ] maar ook [ -son ], [ +stem ] maar ook [ -stem ] ensovoorts.

Deur op hierdie manier as 't ware dubbel seker te maak van 'n aanname of 'n analise kan 'n gekookte beskrywing, 'n beskrywing wat weliswaar knap is maar nie 'n weerspieëling van die werklike taalbeheersing is nie, 'n handige rangskikking, ontmasker word. En ons uitgangspunt kan ons ook prinsipiële help standpunt inneem in die huidige groot fonologiese kontroerse tussen die sogenaamde abstraktiste en konkretiste. Ons uitgangspunt help ons die ideaal benader: om net één analise uit alternatiewe te kies — dié een wat die bedoeling van God weerspieël: dié grammatika wat die mens werklik besit en dus ook kan gebruik. Natúúrlik is ons kennis ten dele, maar hierdie „troos” verhinder ons nie om na die waarheid te blygrawe nie.

Dit is dan ook met dankbaarheid dat aan 'n universiteit waarvan dit die leuse is om ook die wetenskap in U lig te beoefen, gewerk kan word, en dat hierdie rede voor enersdenkendes en -voelendes gelewer kon word. Ek wil ten slotte dan graag die versekering teenoor die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys uitspreek dat ek van my kant onderneem om hierdie verantwoordelike taak wat hulle aan my toevertrou het, na die beste van my vermoë in die gees waarin ek vanaand gespreek het, sal uitvoer en bly uitvoer, maar nie uit eie krag en insig nie, en ten slotte ook nie tot oneer van Hom wat per slot van sake alles volmaak ken, Hom wat nie deur 'n spieël kyk nie en vir wie daar géén raaisel is nie.